**25 September**
**Skrifgedeelte: Miga 7:8-20**
**Fokusgedeelte: Miga 7:18-20**

**Leef met hoop ... want God is uniek in sy troue genade**

Om met hoop te leef terwyl jy steeds teen God rebelleer ... is dit moontlik? Já, want God is uniek, juis in sy troue genade!
Juda dien die Here gebrekkig. Daar is mooi momente met konings wat die volk na die Here teruglei (vergelyk 2 Kon 15:32-37, 18:1-8). Oorwegend volg die Here se volk egter hul eie kop. Die leiers sus die mense se gewete, moord en roof is aan die orde van die dag en les bes ... as volk vertrou hulle eerder op ander volkere se mag as op die Here. Deur Miga waarsku die Here sy volk oor hul lewenshouding. Omdat hulle die pad van die dood kies, sal hulle as volk in ballingskap gaan. Is alles vir hulle as volk verby? Néé, daar is tog hoop, hoop dat die Here sy volk uiteindelik sal herstel.
Hierdie hoop bestaan omdat die Here so uniek is. Hy tel ons sonde en skuld en straf op sy skouers. Hy broei nie oor ons opstand teenoor Hom nie. Hy vind dit goed om eerder sy onverbreekbare liefde vir ons uit te leef. Hy tree teenoor ons op soos ‘n ma teenoor haar ongebore baba – vol liefde en deernis. Hy sorg dat ons sondige aard onder beheer kom. Hy gooi ons sondeskuld ver weg. Hy doen altyd wat Hy in sy genade teenoor ons belowe het.
Daarom ... moenie by jou sonde vassteek nie. Néé, erken dat jy skuldig is. Vertrou in jou nood op God. Stel jou hoop op God. Hy is uniek in sy troue genade!
*Sing: Skrifberyming 10:2,5,6 Ds PW Kurpershoek (Pretoria-Sunnyside)*